# MOSTERD NA DIE MAAL

Prof. F. A. van Jaarsveld
*Universiteit van Pretoria*

Tussen die werklike feite van 'n gebeurtenis en die beeld daarvan, kan daar groot verskil bestaan. Die beeld is iets van 'n geestelike aard wat deur baie faktore bepaal kan word. 'n Geskiedenisbeeld leef in die historiese bewussyn van 'n volk en dié is groeiend en veranderend.

'n Beeld word gewoonlik lank na die gebeurtenis gevorm en groei deur die tyd waarin dit saamhang met die ervaringe van 'n volk. 'n Krisis kan so 'n gebeurtenis laat „ontdek" en dit word dan aangewend om stemming teen 'n vyand te wek. Maar dit kry deur die voortgaande vertolking legendariese gestalte. In die self- of historiese bewussyn, word nie meer na die waarheid van die gebeurtenis gevra nie, maar na sy gebruikswaarde.

Daar bestaan legendes in die geskiedenisvoorstelling van die meeste volke. Slagtersnek met alles wat dit wek by die hoor van die woord, is so 'n legende. In die 17e eeu het daar 'n soortgelyke legende in Brittanje bestaan, nl. „Die moord van Ambon."

In 1624 het die owerhede van die Nederlands-Ooos-Indiese Kompanjie wat tydelik saam met die Engelse Oos-Indiese Kompanjie gewerk het 'n twintigtal Engelse op die eiland Ambon tereggestel op beskuldiging van 'n sameswering teen die Nederlanders.

Van Britse kant het hulle martelare van Hollandse wreedheid geword. Vir meer as 'n honderd jaar het die Britte stemming teen die Nederlanders gewek met hulle tydige en ontydige verwysing na die „moord van Ambon." Daar is nie gevra na regsgronde of die waarheid nie. Gedurende die drie Engelse-Nederlandse oorloë van die 17e eeu is dié legende gebruik om stemming teen die Nederlanders te wek.

In die leterkunde — die digkuns en drama — in die politiek en in die volksmond is op die „moord" gehamer. Nadat dit vir 'n honderd jaar en meer gebruik is, het dié legende homself uitgewoed. Die Engels-Nederlandse betrekkinge het verander na dié van vriendskap en die legende het mettertyd vanself verdwyn.

Dit is ook die geval met die legende van Slagtersnek. Hoewel dit nie as 'n oorsaak van die Groot Trek opgegee is nie, en nie daarna genoem is nie, is dit teen 1868 opgerakel toe daar spanning was tussen die Britse regering en die Vrystaat. Die twee Boererepublieke het weerstand gebied teen die Britse imperialisme en 'n stryd om 'n onafhanklike bestaan en 'n eie identiteit gevoer, wat die 19e eeu bekend laat word het as die „Stryd tussen Boer en Brit" en „'n Eeu van Onreg."

Met die ontstaan van 'n historiese besef by die Afrikaners in die sewentiger-tagtiger jare van die vorige eeu is griewe teen die Britse imperialisme opgebou. Een van die griewe wat ontdek is, was Slagtersnek wat 'n sterk emosionele inhoud en legendariese afmetings gekry het. Dit wou maar nie sterf nie en is opgerakel, veral in tye van ervaarde

onreg. Die deelnemers aan Slagtersnek en die twee Bezuidenhouts is tot helde verhef. Slagtersnek het tot simbool geword van Britse onderdrukking en hardvogtigheid. In 1916 is 'n monument vir hulle opgerig en toesprake afgesteek. 'n Verbinding is gelê tussen die 1815- en die 1915-rebellie.

Slagtersnek as simbool is gebruik solank daar 'n verbinding tussen politiek en geskiedenis was. Onder die idee van „nasionale eenheid" in die vroeë sestiger jare van die 20ste eeu het die geskiedenis geëmansipeerd geraak van die politiek. Dit het meegebring dat die behoefte aan Slagtersnek 'n natuurlike dood gesterf het. Dit is tans nog net „histories" of spreekwoordelik. Met die Slagtersneklegende het dit gegaan soos met die legende van die Moord van Ambon.

Die pleidooi van dr. J. A. Heese in sy pasverskene boek Slagtersnek en sy Mense (Tafelberg 1973 — R6,50) om Slagtersnek „om liefdeswil" as „politieke wapen" te los, is dus mosterd na die maal. As nábetragting van die legende is dit egter nie onvanpas nie. Trouens, dr. Heese het ons geskiedskrywing met sy nougesette studie verryk, en veral verryk vanweë die benutting van sy genealogiese kennis. Dit moes hom jare se pynlik noukeurige navorsing geneem het om die Bezuidenhouts, die rebelle van Slagtersnek, die neutrales, die regeringsmense, die amptenare en soldate wat betrokke was by die 1815-16 gebeure as mense-in-hulle-tyd aan ons voor te stel, met hulle swakhede én voortreflikhede.

Deur die naakte waarheid uit bronne te ontbloot, kon hy die beelde en legendes wat deur die jare heen om Slagtersnek gegroei het, aftakel en veroordeel, soms in subjektiewe bewoording soos ,onverbloemde haatpropaganda" (p.202) van ds. S. J. du Toit (ek twyfel of dit die Dominee se doel was met sý voorstelling van Slagtersnek), „twak" (p.203), „propagandistiese leuens" „onsin" (vgl. inleiding), „onvergeeflike skande" (p.87) ens. Dit is gewoonlik só dat, waar tot ontmanteling van 'n legende oorgegaan word, 'n skrywer geneig is om sy saak te sterk en in te skerpe bewoording te stel.

Dit is egter nie hierdie subjektiewe bewoording wat die legende van die „helde" Bezuidenhouts en die Slagtersnekrebelle-„helde" sal laat sterf nie — eerder die nugtere logika waarmee hy die waarheid uit die tydgenootlike bronne aan die lig bring. Freek Bezuidenhout was bv. nooit wettig getroud nie en het dus 'n buite-egtelike kind gehad.

Daarby was sy tweede ongehude vrou 'n Kleurling by wie hy 'n basterseun gehad het, náás 'n basterseun by 'n ander Kleurlingvrou. Die Slagtersnekrebelle was nie gesiene mense nie, wild, weerbarstig en ontembaar, en het die „onvergeeflike skande op hul hals gehaal deur die vyande van die grensboer (die Xhosas) teen hulle eie mense in te roep." Dr. Heese takel die rebelle af en gaan oor tot die herstel in ere van die regeringsmense wat deur skrywers as „verraaiers" beoordeel is.

Besonder waardevol, maar die mins bevredigende deel van die boek, is dr. Heese se weergawe van hoe die verhaal van Slagtersnek deur die jare heen deur sekere skrywers vertel is, en die politieke misbruikmaking van Slagtersnek. Die bladsye hieroor kan tot 'n boekdeel uitgebou word.

Dr. Heese gee die korrekte feite en dié staan in skrille kontras met sekere skrywers se vertekening van die beeld van die gebeurde om Slagtersnek.

Tog kon die 19e eeuse skrywers by die gebrek aan bronne nie só tot die werklikhede en waarheid van die Slagtersnekrebellie deurdring nie, omdát die bronne by die gebrek aan 'n geordende argief nie so toeganklik was nie. Vertellings is onkrities as waarheid aangeneem en een skrywer het van die ander oorgeneem.

Die vraag is of ons op grond van ons huidige navorsing werklik die grensboere leer verstaan het. Daar kan nog veel meer gedoen word. Dr. Heese roep wyle prof. C. R. Kotzé se getuienis in om te bewys dat Somerset goedgesind was teen die Afrikaners, maar Kotzé wys in Vyfhonderd Jaar ook hoe „hardvogtig" die Britse owerheid teen die Afrikaners opgetree het. Ons kan dit verstaan uit die reaksie wat daar was teen die Jakobyne. Die Peterloo Massacre van 1819 in Brittanje is ook bewys van hardvogtige optrede teen eie mense.

Die skrywer het 'n oog vir die afgryslikheid van die gebeure op 9 Maart 1816, toe vier stroppe gebreek en slegs een van die verooordeeldes bly hang het. Die vier is toe een na die ander gehang, met die enkele sterk tou.

Dis veral hierdie antiklimaks wat die verbeelding deur die jare gaande gemaak het en Slagtersnek tot simbool verhef het. Dr. Heese noem Slagtersnek 'n „wanklank" in ons geskiedenis, 'n wanklank nie slegs in die tipe rebellie self nie, maar ook in die voorstelling daarvan deur historici en ander uit die nákomende geslagte.

'n Legende is egter irrasioneel en verdien psigologiese ontleding wat hier nie geskied het nie. Dit is ook jammer dat dr. Heese nie tot 'n ontleding oorgegaan het van die verhouding tussen tydsomstandighede en die ontstaan, groei en gebruik- of misbruikmaking van die legende nie.

Hy het nie die laaste woord oor Slagtersnek gesê nie. Dit besef hyself. Daar moet onthou word dat geskiedenis 'n „diskussie sonder einde" is. Dr. Heese het egter 'n oortuigende en belangrike bydrae tot die diskussie gelewer. Nie al sy bewysvoerings en argumente is histories nie.

As hy bv. op p.206 beweer dat „lord Charles Somerset se politieke fout (i.v.m. die vonnisse) van ietwat meer as 100 jaar tevore geboemerang het" en genl. Hertzog se bewindsaanvaarding van 1924 daaraan koppel, dan word die verband irrasioneel en vergesog. Eerder die 1914-1915-rebellie en die 1922-opstand aan die Rand kan daaraan gekoppel word.

Sy bevinding dat dit 'n „magtige propagandamiddel" was, verdien ook ontleding. Presies hoe „magtig" dit was, is nie vasgestel nie en „propaganda" dui op 'n opsetlike misbruikmaking van 'n gebeurtenis, terwyl dit by die legende juis gaan om 'n simboliese en instinktiewe afweermiddel.

Dr. Heese het bevind dat die Slagtersnekopstand „geen uiting was van die Afrikaner se onafhanklikheidstrewe nie — dit was veel eerder 'n wanklank in die ontplooiing van die Afrikaanse nasieskap".

„Wilde mense soos die betrokke Bezuidenhouts, Faber en sommige van die Prinsloo's was verbrekers van die tradisionele waardes van die

Afrikaner, soos sy sin vir rassuiwerheid en sy eerbiediging van kerklike sakramente" aldus dr. Heese. Die vyf ongelukkiges is ook nie op Slagtersnek tereggestel nie, maar by Vanaardspos, twaalf myl daarvandaan.

Die term „slagter" en „nek" het egter emosionele konnotasies. Ook beweer hy dat die balk van Slagtersnek in die Unigebou berus waarheen dit in 1949 vanuit 'n huis naby Long Hopestasie geneem is. Waar daar voorheen twyfel bestaan het of die geelhoutbalk die egte is, het hy probeer bewys dat dit wel eg is. Hier kon egter beter bewyse aangevoer gewees het.